

Woensdag 20 Desember

Skrifgedeelte: Lukas 1:26-38

Fokusgedeelte: Lukas 1:35, 37

God se krag maak alles moontlik!

Maria het Gabriël se goeie tyding van harte geglo, tog was daar 'n vraag in haar hart: *“Hoe is so iets moontlik, aangesien ek nog nooit omgang met 'n man gehad het nie?”* (vs 34). 'n Eerlike vraag. 'n Goeie vraag. Nie net gee die engel 'n antwoord nie, ook bied hy 'n teken wat God se belofte bevestig: *“Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God”* (vs 35).

Die Heilige Gees sou haar oorskadu. Hierdie is Ou-Testamentiese taal wat ons herinner dat die Heilige Gees van die begin af aktief betrokke is by alles wat God doen. By die skepping het die Heilige Gees die waters “oorskadu” (Gen. 1:2). In die woestyn het die Heilige Gees die tabernakel in heerlijkheid bedek as 'n teken van God se heilige teenwoordigheid (Eks. 40:35 ev.). Later sou die Heilige Gees die Messias salf en toerus vir sy dienswerk.

Deur die krag van die Heilige Gees het Jesus versoening vir sondes bewerk (Heb. 9:14). Deur die krag van die Heilige Gees is Christus uit die dood opgewek (Rom. 1:4). Die Here Jesus stuur die Gees om sy gemeente te oorskadu en met krag toe te rus (Hand. 1:8). Dit is deur die krag van die Heilige Gees dat ons Jesus Christus vandag mag ken, aanbid en verheerlik. Van die begin af het die Heilige Gees God se kinders, sy gemeente, koesterend oorskadu en saam met die Vader en die Seun meegewerk tot ons verlossing. Wat 'n heer-like vreugde!

Maria kry ook 'n teken. God beskik oor lewe. Hy beskik oor die moeder-skoot. Elisabet, 'n onvrugbare vrou, word op gevorderde leeftyd swanger. Dis 'n wonder! Maria sal egter 'n groter wonder beleef! Sy, 'n maagd, sal geboorte skenk aan die Verlosser van die wêreld! O, geseënde vrou!

Hoe is dit moontlik? Maria se vraag weerklink tot vandag. Onthou altyd, niks is vir God onmoontlik nie!

Is daar iets in jou lewe wat onmoontlik lyk? Jou sonde, 'n stukkende verhouding, siekte, finansiële uitdagings, jou werk, studies, lyding? Onthou, niks is vir God onmoontlik nie! Hy is die God van die maagdelike geboorte. Hy is die God wat die onmoontlike doen. Hy is die Allerhoogste en Almagtige God wat deur sy Heilige Gees in jou en my lewe werksaam is.

Sing: Psalm 47:1, 4

Ds. CJ (Innes) Nagel (Louis Trichardt)